# Gesels saam

## VOORSKOOL

## WELKOM

Kyk hoeveel verskillende soorte voëls julle kan opnoem. Kan julle die geluide namaak? Hoe klink ʼn uil, ʼn hadeda en ʼn duif? Weet julle hoe ʼn kraai lyk? Hoe maak ʼn kraai?

Ons gesels vandag oor Elia. Het julle geweet kraaie het vir hom kos gebring?

## WONDER

Vertel 1 Konings 17 vir die kleuters. Voer dit gerus in drie dele op: Elia word versorg deur kraaie wat kos bring; die weduwee se kruik olie en meel raak nie op nie; die weduwee se seun sterf en word weer lewend gemaak.

## WEES

Laat die kleuters ʼn kraai van papierborde maak. Hier is ʼn **voorbeeld (https://www.daniellesplace.com/html/rrsampleelijahraven.html)**.

Doen die volgende vooraf vir elke kleuter:

- Knip die boonste derde van ʼn groot swart papierbord af en plak dit op ʼn ander groot swart papierbord om ʼn "sakkie" te vorm.
- Knip twee vlerke uit ʼn klein swart papierbord.
- Knip ʼn snawel uit geel karton.
- Knip twee pootjies vir elke kraai uit swart karton.

Gee vir elke kleuter ʼn papierbord met ʼn "sakkie". Help hulle om ʼn klein papierbord op die groot papierbord te plak vir die kop. Gee vir elkeen twee vlerke en help hulle om dit aan die groot papierbord vas te plak.

*Alternatief:* As jy nie swart papierborde in die hande kan kry nie, kan die kleuters die kraai swart verf.

Die kleuters kan dan die snawel, twee wikkelogies en swart vere (opsioneel) op die kraai se kop plak.

Bring 'n paar versnaperings saam wat die kleuters in die kraai se "sakkie" kan sit.

## WEGSTUUR

Wys jou kraai vir jou huismense en vertel vir hulle dat die kraaie vir Elia kos gebring het.

---